Ng Kerk
VANDERMERWE
Gekweek
e-pos: ngkbon@telkomsa.net • webtuiste: www.ngkerkbonnievale.co.za

Baie welkom by die Nagmaal - 14 Februarie 2016

Sondag 14 Februarie

9:30 NAGMAAL - DS WILLEM
Tema: Groei deur innerlike genesing.
9:00 NAGMAAL IN HERFSVREUGDE - DS. JAKKIE
DEUROFFER: Instituut vir Blindes
KATEGESE
KLEUTERKERK - As daar mammas is wat wil help met die aanbieding van Kleuterkerk, kontak asb vir Helena de Wet by 083 603 2971. Mammas kan ook kleuterkerk bywoon totdat die kleuters gemaklik is.
GASVRYHEID: Forrest- en Hoofstraat

18:00 The Invisible War 1 - Kursus

Volgende Sondag 21 Februarie

9:30 EREDIENS - Ds Willem
9:30 JEUGKERK - Ds Jakkie
DEUROFFER: Diens van Barmhartigheid
KATEGESE EN KLEUTERKERK
GASVRYHEID: Bergsig

18:00 The Invisible War 2

Indien daar enige iemand is, jonk of oud, wat na aanleiding van die **Jeugweek** iets met iemand wil bespreek, of saam met iemand wil bid, neem vrymoedigheid en kontak gerus een van die volgende persone:

Ds. Jakkie	083 500 6902
Kevin Godfrey	060 996 6191
Maretha v/d Merwe	072 457 9820
Annemi Jonker	082 434 7509

Dinsdag middag (16 Febr) om 17:15 in die konsistorie: Belangrike Wintermark vergadering soos met sameroepers gereël is.

Hierdie week 15 - 19 Februarie

15 FEBRUARIE
19:00 Saambid by VGK

16 FEBRUARIE
Wyksbidure - Ds Jakkie
19:30 Nordale- en Sentraalwyk

17 FEBRUARIE
19:30 Kerkraadsvergadering

Gebed

- **Elke gebed begin met lof en dank aan die Here. Loof die Here vir Sy grootheid en dank Hom vir soveel gawes in jou lewe.**
- Bid vir ons land. Bid dat magte van chaos en korrupsie nie die oorhand sal kry nie. Bid vir die bekering van leiers en vir leiers met integriteit.
- **Groot dele van ons land kry swaar a.g.v. droogtes. Bid vir uitkomste en dat daar voedsel sekuriteit vir ons land se mense sal wees.**
- Dra ons boeregemeenskap en hulle werkers aan die Here op. Bid vir geseënde oeste en vir geleenthede om dit te in.
- **Bid steeds dat ons as gemeente soos lote in die Wingerstok Jesus Christus sal bly en sal vrugdra tot die eer van die Hemelse Boer.**

Ons bid vir: Ria Saunders, Joyce Wentzel, verswakte senior lidmate

Nuwe intrekkers - Skryf asb u naam en telefoonnommer in die "Nuwe intrekkersboekie" in die voorportaal van die kerk neer, sodat ons u kan kontak.

2016 Jaartema : "Soos 'n wingerdstok"

Die eerste kwartaal tema is: "Gekweek!" Mag ons as gemeente in die Ware Wingerdstok ingeënt bly en vrugdra tot Sy eer!

VROUEBYBELSTUDIE

Hierdie kwartaal begin ons met 'n belangrike deel van die Romeinebrief, nl. die werk van die Heilige gees in ons lewe. Dit sluit presies aan by die temas wat ons tydens die Week van Gebed behandel het.

NORMAALKLAS 9:00 IN DIE SYSAAL

Di. 1 Mrt: Studes 13 & 14

KRINGE SOOS ONDERLING GEREËL

Wo. 17 Feb: Studie 12
Wo. 2 Mrt: Studie 13
Wo. 16 Mrt: Studie 14

HERFSVREUGDE KLEREKAS

13 Feb. Sa. Mari vd Merwe
20 Feb. Sa. Denise Veldsman
27 Feb. Sa. Marieta Lomax

Ons kort **DRINGEND** inkopiesakke, kinderklere en kinderskoene, ook skoolklere,**BEDDEGOED, KOMBERSE HANDDOEKE, GORDYNE**, dames skoene en mansskoene ASB!!!!

Jaarlikse Spesiale Oesoffer Dankfees: 13 Maart. Jaarliks kry ons die geleentheid om deur middel van 'n spesiale dankoffer vir die Here dankie te sê vir oeste in ons lewe, hetsy op ons plase of in ons lewe. Spesiale Oesdankfees koevertjies sal deur ouderling/diakens/hulpwerkers uitgedeel word, asook reëlings met die invordering daarvan. Soos in die verlede, sal 'n verteenwoordiger van die wyk weer die wyk se dankoffers na vore bring.

BOEKE, CD'S, TYDSKRIFTE VIR WINTERMARK -

Ons het verlede jaar ongeveer R16 000 ingesamel met ons boeke-skenkings. Aangesien dit geskenk word, kan ons dit baie billik verkoop. Indien u 'n bydrae wil maak, skakel 023 6162251. Ons sal dit kom haal of u kan dit by Van Zylstraat 15, of die kerkkantoor aflewer. Baie dankie vir die boeke wat ons reeds vanjaar ontvang het.

HERBERG KINDERHUIS ROBERTSON

Hou hul jaarlikse Kermis op 5 Maart!
Kom ondersteun hul gerus.
Benodig ook asb. skenkings van groente en vrugte. Kontant bydraes ook welkom.
Lewer af by kerkkantoor of kontak Maruschka van de Merwe by
084 866 1583 of 023 616 2872

Graag wil ons u hartlik bedank vir u getroue ondersteuning aan Die Herberg Kinderhuis. Sonder u hulp sou ons nie kan volhou met hierdie 122 seuns en dogters se versorging nie.
Die lys met name en behoeftelys van huis B waarby die gemeente betrokke is vir 2016 is te kry by die kerkkantoor, indien u graag 'n bydrae sou wou maak.
Kontak gerus vir Petro indien u enige navrae het by petro@herberg.co.za.

Herfsvreugde Fonsinsameling

Kom kuier saam met twee rugbylegendes
Kobus Wiese en Balie Swart
Fondsinsameling ten bate van Herfsvreugde
Koste: R200.00 p/p of tafels van 8 @ R1600.00
Plek: Chris van Zylsaal
Tyd: Stiptelik 19h30
Ete word aangebied Bring eie drinkgoed, glase en ys. Kaartjies by Herfsvreugde

#IMAGINE 1 - 3 APRIL
ONTHOU DIE DATUM!!!!

Graag wil ons lidmate uitnooi om betrokke te raak by die inwoners van Herfsvreugde. Daar bestaan ‘n groot behoefte aan net informele besoeke aan inwoners. As gemeente wil ons graag ‘n span van ondersteuners vorm. Almal wat alreeds inwoners besoek en op watter wyse alreeds betrokke is by Herfsvreugde, asook persone wat betrokke kan raak, word vriendelik versoek om hulle name by die kerkkantoor op te gee.

Kontak asb. die Dienssentrum by 023 616 3145 as jy kan help om kos uit te ry op ‘n spesifieke dag in die week.

Die NG Kerk Sinode organiseer nasionaal ‘n Droogte hulpverlenings projek aan gemeentes en boeregemeenskappe wat baie swaarkry a.g.v die droogtes. Voorbidding word vir hierdie gemeenskappe gevra. Daar word gepoog om R2 miljoen in te samel. Indien iemand ‘n kontant bydrae wil maak, kan dit by die kerkkantoor gegee word. Ons sal dan vanuit die kerkkantoor ons skenkings oorbetaal aan die fonds.
Daar is reeds 'n Facebook blad NGDroogtehulp gestig. 'n Webwerf www.ngdroogtehulp.co.za is geregistreer. Op Twitter word #NGDroogtehulp gebruik.